

Skriflesing: Openbaring 12: 1- 18Teks: **Openbaring 12: 4b-5**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 118:12,13**TYDENS EREDIENS: **Ps. 46:1, 4; Ps. 131:1,2,3; Ps. 142:1,2; Ps. 97:1,2****Openbaring 12: 1- 18**

Rev 12:1 Toe het daar 'n groot teken in die hemel verskyn: daar was 'n vrou met die son as kled om haar, die maan onder haar voete, en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre.

Rev 12:2 Sy was swanger en het geskree van die pyn, want die geboortepyne was daar.

Rev 12:3 Daar het ook 'n ander teken in die hemel verskyn: daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe was daar sewe heerserskrone.

Rev 12:4 Sy stert het 'n derde van die sterre van die hemel saamgesleep en hulle op die aarde gegooi. **Die draak het voor die vrou gestaan wat op die punt was om 'n kind te kry. Hy wou haar kind verslind sodra sy hom in die wêreld bring.**

Rev 12:5 **Sy het 'n kind in die wêreld gebring, 'n seun, bestem om al die nasies met 'n ystersepter te regeer. Haar kind is egter weggeruk na God en na sy troon toe,**

Rev 12:6 en die vrou het na die woestyn toe gevlug waar God vir haar 'n plek gereed gemaak het, sodat die mense haar daar twaalf honderd en sestig dae lank kon versorg.

Rev 12:7 Daar het toe oorlog gekom in die hemel: Migael en sy engele moes oorlog voer teen die draak. Die draak en sy engele het oorlog gevoer,

Rev 12:8 maar hulle is verslaan. In die hemel was daar geen spoor meer van hulle te vind nie,

Rev 12:9 want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom.

Rev 12:10 Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het.

Rev 12:11 Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig het; en hulle het nie hulle lewens so liefgehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie.

Rev 12:12 Daarom, hemel en dié wat daarin bly, verheug julle. Maar vir julle, land en see, wag daar ellende omdat die duiwel na julle toe gekom het met groot woede en met die wete dat hy min tyd het."

Rev 12:13 Toe die draak sien dat hy op die aarde gegooi is, het hy die vrou agtervolg wat die seun in die wêreld gebring het.

Rev 12:14 Maar aan die vrou is twee groot arendsvlerke gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek toe, kon vlieg. Daar word sy die hele vasgestelde tyd, weg van die slang af, versorg.

Rev 12:15 Die slang het toe 'n stroom water soos 'n rivier uit sy bek agter die vrou aan uitgespoeg, sodat sy deur die stroom meegesleur kon word,

Rev 12:16 maar die aarde het die vrou te hulp gekom. Dit het oopgegaan en die stroom opgesluk wat die draak uit sy bek uitgespoeg het.

Rev 12:17 Die draak was woedend oor die vrou en hy het weggegaan om oorlog te maak teen haar ander nakomelinge wat die geboorte van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het.

Rev 12:18 Die draak het toe op die seestrand gaan staan.

Skriflesing: Openbaring 12: 1- 18Teks: **Openbaring 12:4b-5**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 118:12,13**TYDENS EREDIENS: **Ps. 46:1, 4; Ps. 131:1,2,3; Ps. 142:1,2; Ps. 97:1,2****Openbaring 12: 1- 18**

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, die oomblik as ons Openbaring 12 oopmaak is dit asof Genesis 3 vers 15 ook dadelik voor ons moet oopgaan- 15 *Ek stel vyandskap tussen jou en*

die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.” God maak geen geheim daarvan dat die vrou uit wie se nageslag daar ’n Verlosser gebore sou word sou van die begin af groot vyandskap en teëstand moet hanteer. Dit is ’n vyandskap wat God Self sê daar sal wees. God het hierdie vyandskap daar gestel. Dit is die Here wat sê - *Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag.* Die intensiteit en die lang durendheid en die uitwerk van hierdie vyandskap kan niemand onderskat nie.

Tog het die moeder van alle beloftes, daarom ook genoem die *moederbelofte* (in Gen. 3:15) ’n tweede impak wat Openbaring op geen wyse uitsluit nie. God stel hierdie vyandskap in maar net so duidelik stel die Here dit - *Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.* Die volle uitwerk van Gen. 3:15 staan met Openbaring 12 in die nouste verband. Gedurig sal die slang die nageslag van die vrou wil byt en verslind. Die genade is dadelik net so groot en word deur God se Woord al groter as daar heel aan die begin ook gesê kon word, die slang se kop sou in die slag bly, die kop sou vermorsel word.

Ons het verlede Sondag al daarop kon wys. Openbaring 12 is die begin van die tweede hoofafdeling van hierdie ingrypende Bybelse boek in ons lewens. Die eerste elf hoofstukke het in breë trekke dinge in die kerk en wêreld hanteer wat die kerk ten diepste gaan raak maar wat baie dinge in hierdie wêreld waarbinne ons lewe ook blootlê. Alles het begin met 7 gemeentes verteenwoordigend van God se Kerk oor alle lande, tye, geslagte nasies en volkere heen. Die kerk het aan die einde van Openbaring 11 by die laaste trompet gekom. Die laaste basuin was die aankondiging van ’n volmaakte wegvoering van God se twee getuies, verteenwoordigend in wat Moses en Elia, aan ons getoon het. Hulle, die draers en voorlopers van die Wet en die Profete was dood maar het lewendig geword, hulle was nie begrawe nie tog was hulle boodskap heeltyd ondergrawe. God het die tempel vir sy kinders wou oopmaak en selfs is die verbondsark gesien. Die aarde kon alleen sidder en beef by die laaste woorde van Openbaring 11 se einde.

Openbaring 12 begin dan eintlik nuut maar tegelyk met die stokoue gebeure wat ons as mense ons nooit van kan losmaak nie. Die tragiese van die sondeverhaal en hoe die sondeval hierdie wêreld ingekom het. Openbaring 12 het ’n Genesis begin maar staan in ’n sekere sin ook nog

weer vóór Genesis. Daar was 'n sondeval in die engele wêreld voordat die sondeval in die geskape wêreld plaasgevind het. Van die sondeval in die engele wêreld weet ons baie min, maar wel genoeg om te weet hier het Satan se vyandskap teen God en alles wat vir God kosbaar is begin. In die geheel gesien is die res van Openbaring heeltyd gewikkel in die stryd wat daar tussen God en Satan aan die gang is. Die Satan sal nooit ophou om dit wat vir God kosbaar is te wil vernietig nie.

As alles in Openbaring 12 met 'n vrou begin, 'n vrou met die son bekleed, die maan onder haar voete, haar koninklikheid strek nog ver. Sy dra 'n kroon van 12 sterre en hierdie vrou is gereed om geboorte te gee. Daar kan nie twyfel wees dat wie hierdie vrou is nie. Die vrou van Genesis 3 uit wie se nageslag die Verlosser sou kom. Eva is deur Adam al benoem *die moeder van alles wat lewe* (Gen. 3:20). Die naam Eva wat dan ook "lewe" beteken. Die vrou wat 'n volk sou moes word en in besonder weet ons in Abraham en sy vrou Sarai het God sy volk in die Ou Testament op besondere wyse tot lewe gebring. By Abraham en sy vrou was menslik gesproke geen hoop op 'n kindjie meer nie en daarom kon daar ook geen nageslag meer wees nie.

Tog as Paulus in Galasiërs God se Woord tot lewe bring dan is Galasiërs 4 met Sarai besig. Sy word die sinnebeeld nie net van 'n vrou uit wie lewe en vryheid sou kom vir wie daar eintlik nie meer lewe in haar skoot kon wees nie. Sy is ook sinnebeeld van 'n nuwe verbond wat nie die ou verbond vernietig nie, maar wat juis die oue nuut maak. Sarai word die moeder van Isak. Die verbond stu voort, die vrou word telkens weer Eva, gesien as die draer van lewe en wat lewe beteken. Want vir Isak word Jakob gebore en Jakob versinnebeeld inderdaad op die einde die kroon van 12 sterre. Vir hom word daar uit die warboel van sonde en ellende, ook in die jaloesie wat tussen 2 vroue sou heers, Ragel en Lea en ook nog byvroue, word 12 seuns gebore wat sou word die 12 stamme. Die volk van God in Ou Testament terme wat moes word die vrou uit wie daar lewe moes kom, maar dit lewe moes wees, so anders as die lewe wat die mens geken en gekenmerk het.

Die 12 stamme word inderdaad kerk van die Ou Testament wat in alles onvolmaak is. Die ellende van die kerk in haar Ou-Testamentiese gewaad is alreeds baie groot. In soveel ander boeke, ja ek wil sê in elke Ou-Testamentiese boek word daar met dood en ellende in hierdie

wêreld rekening gehou. Die dood wat aanmekeer wil heers maar dan kom die lewe terug. Die vrou in Openbaring 12 is aangetrek met die son. God het haar met sy heerlikheid aangetrek. Ons kan ook praat van haar liggende heerlikheid. In hierdie beeld staan sy met haar voete op die maan. Die maan onder haar voete is duidelik simbool van haar heerskappy. Die krans of die kroon van twaalf sterre is simbool van oorwinning.

Openbaring 12 begin met die vrou en eindig as't ware ook weer met dié vrou. Die vrou aan die einde is egter nie in die hemel nie, maar in die woestyn. Iets verskriklik het ook met die vrou gebeur maar laat ons haar nie vooruitloop nie. Eers het ons te doen met die vrou wat geboorte moet gee, later kom ons eers by die vrou wat kan vlieg maar dan moet sy na die woestyn toe vlieg. Iets groots het wel gebeur!

Die vrou wat geboorte moet gee maar terwyl sy die kind die wêreld moet inbring is die vyandskap van Genesis 3 ook daar. Nou nie die slang genoem nie, maar die draak. Soos die vrou 'n teken in die hemel was, so was die draak dit ook. Die draak wou haar kind verslind sodra sy hom in die wêreld bring. Daar het nog nie 'n dag in hierdie wêreld verbygegaan wat Satan nie daarop uit was om Christus te wil vernietig nie. Satan word soos die vrou fyn afgeteken. In vers 9 staan by die draak nog 'n groot stuk negatiewe kommentaar wat baie duidelik aan die werk is. *9 want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom.*

Dat slegte dinge nou op aarde kan gebeur en dat die draak in so baie gedaantes sleg is, is die minste gesê. Satan is wel groot en dat hy 'n magsfaktor in die wêreld is, is baie duidelik. Die kleur rooi dra hier ook weer besondere simboliek. Die duiwel is bloeddorstig, ja as dit kom by die mooi dinge wat God alleen ons kan skenk, genade, liefde en vrede, as die kleur rooi daarmee gemeng raak dan raak dit 'n ongesonde kleur. Hy word beskryf hy het sewe koppe en tien horing. Alles getalle wat die volheid en die almag van God simboliseer maar nou dra die satan dieselfde getalle. Dit wys op die ingrypende werk van Satan waar hy ook met groot mag oor die grootste deel van mense kan heers. Op die aarde doen hy net kwaad en verwoes alles wat hy in die hande kan kry. Ja, in baie opsigte wil dit my lyk hoe 'n groot deel van Suid-Afrika lê as

slagveld van Satan. Kyk ons na die bombardering en die chaos en dood in die Ukraine dan is dit ook 'n weerspieëling van die speelkamers van Satan. Op die aarde is die duiwel en sy engele hard besig om die mense se gedagtes en optredes te oorheers.

Hoeveel kere is daar voorbeelde in die Ou Testament wat die duiwel wou keer dat die mens Christus nie gebore mag word nie. Abel word deur Kain doodgemaak, die geslag van Set word verswelg deur die goddelose mense en die sondvloed oorstrom die aarde. Israel in Egipte en hulle seuntjies word in die Nyl verdrink. Daarna die tragiese verhaal van die volk wat lyk hulle pad maar in die woestyn moet doodloop. Atalia, daardie wrede koningin wat Dawid se nageslag wou uitroei. Al die prinse moes dood, alleen deur 'n wonder van God het die kleine Joas behoue gebly. Die geskiedenis in Ester waar Haman daarop uit was om die Jode uit te wis. Selfs die tyd wat die Christus as kindjie so pas gebore was, toe nog weer die opdrag van Herodes om al die pasgebore kindertjies dood te maak in die hoop Jesus sal ook onder hulle moet tel.

Dit is asof die duiwel net nooit einde kan kry nie en ja inderdaad met sy sluwe werk en planne kry Satan nooit einde nie. Die draak wat voortdurend by die vrou wou staan om die kindjie te verslind dat die Kind tog net nie die volkome werk van God in hierdie wêreld doen nie. As dit nie vir God was nie dan was die kind inderdaad verslind.

Daardie stryd tussen God en Satan kan ons ons die werklike intensiteit daarvan seker nooit diep genoeg indink nie. As Openbaring 12 die intensiteit van hierdie stryd beskryf dan is dit asof daar sommer baie vinnig oor al die dinge heen beweeg word. Al wat van die kind gesê word, is dat die seun bestem was om al die nasies met 'n ystersepter regeer. Inderdaad behoort aan Hom alle mag in die hemel en op die aarde maar dit wat dit Hom gekos het om ons as kerk sy bruid dan ook 'n bruidskerk te maak is die verskriklikste prys wat daar betaal kon word, het Hy betaal. Aan die kruispaal het dit inderdaad gelyk of die Satan geslaag het. Die hel wou juig. Daardie ure van duisternis en dood wat Christus daar gehang het, was die verskriklikste oomblikke ook helse oomblikke wat deur die donkerte van die nag gesny het dit terwyl dit dag was- *My God, my God, waarom het U my verlaat*. Dit sou lyk die Kind is verslind.

Openbaring weet dat ons dit ook moet weet, ons moet nie te lank by die kruis wil stilstaan nie, want waaroor dit nou vir ons hierdie wêreld oor moet gaan is nie die kruis wat daar opgerig is nie, maar die graf wat leeg is en Jesus wat lewe. Die opstanding en die hemelvaart is Jesus se triomftog, sy oorwinning, as Openbaring vir ons sê - *Haar kind is egter weggeruk na God en na sy troon toe.*

Volgende week wanneer ons DV ook weer die sakrament van die doop mag bedien sal ons met hierdie Kind wat weggeruk is verder gaan. Ja, Kersfees en Goeie Vrydag, Goeie Vrydag, wat hierdie jaar DV 15 April gevier sal word word eintlik in twee verse saamgevoeg. Die impak van die gebeure is iets waaroor ons nooit uitgepraat sal raak nie. Selfs net die paar druppels op 'n kindjie se voorkop wys ook alles hierheen. 'n Kindjie wat in die hande gehou word maar die bloed van die kruis kom op so 'n klein koppe neer, die teken en gebeure wat Openbaring sien as Satan wou verslind maar God het sy Kind weggeruk.

Mag ons besef die kind wat in die wêreld gebring is, het die wêreld ook by Hom wou bring, maar hulle wou nie! Die moederlike waarmee Jesus Hom aan die aardse Jerusalem wou verbind mag ons nooit mis nie, maar die mens wat nou maar eenmaal nie wil luister nie. Dit bly die tragiese verhaal reeds van die sondeval af, ja vanaf Genesis 3 waar ons ook vandag begin het - en Jesus wat sê – Lukas 13:34: 34 *“Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke, maar julle wou nie.* Hoe 'n groot deel van wat met Jesus gebeur het is nou nog in hierdie wêreld aan die afspeel? Die antwoord op hierdie vraag sal Openbaring 12 ons ook nog weer moet help.

AMEN